
S.A. POLISIE-REEKS
SLUIPERS
in die NAMIB
MEIRING FOUCHE

## INHOUD

*Hoofstuk* *Bladsy*


1. Die Kaalvoetspoor ... ... ... ... 5
2. Lig in die Duister ... ... ... ... 13
3. 'n Dreigende Stem ... ... ... ... 23
4. Baas bo Baas ... ... ... ... 35
5. Vasgekeer ... ... ... ... ... 46
6. Gloeiende Kole ... ... ... ... 58
7. Brekende Branders ... ... ... ... 67
8. Lig op die Water ... ... ... ... 76
9. Naderende Dreuning ... ... ... 86
10. Fantastiese Plan ... ... ... ... 98


Hoofstuk 1

# DIE KAALVOETSPOOR

OP die rooi maanhaar van 'n sandduin in die Namib langs die diamantkus van Suidwes-Afrika, nie ver van die see af nie, sit konstabel Kobus van Deventer doodluiters met sy verkyker die omgewing en betrag.

Hy voel eensaam hier waar hy sit want hy het alleen met die jeep deur die Woestyn van die Dood gekom om te kyk of hy nie dalk wilddiewe of miskien indringers in die verbode diamantgebied gewaar nie.

Hierdie omgewing is vir konstabel Kobus van Deventer heeltemal vreemd, want dit is nou pas 'n maand gelede dat hy op die polisiestasie op die klein dorpie hier in die westelike deel van Suidwes-Afrika aangekom het. Hierdie is sy heel eerste patrollie na hierdie deel van die woestyn.

Hy het daarna uitgesien want konstabel Van Deventer is 'n ondernemende jong man, lus vir avontuur en vir nuwe gebied. Maar hy het self nie gedink dat dit hier só lyk nie. Dit is 'n eindelose, sanderige woesteny, hier en daar onderbreek deur hoërige duine met groot, plat sandgelyktes tussenin.

Sersant Gouws, die Stasiebevelhebber ken hierdie wêreld en daarom het hy Van Deventer gestuur. In die Namib het dit weer 'n slag gereën sodat gemsbok, wildebees en springbok in groot troppe uit die bewoonde gebied na die malse kort gras van die Namib getrek het. En omdat sersant Gouws goed genoeg weet hoe dit gewoonlik toegaan wanneer die wild na die Namib beweeg, het hy sy

konstabel 'n slag gestuur om te kom kyk wat gaande is.

Die son lê laag en dit is oneindig stil. Niks roer of beweeg nie en daar is g'n enkele geluid in hierdie groot verlatenheid nie. Die see is nie ver nie maar dit is tog ver genoeg sodat konstabel van Deventer die fluistering daarvan nie kan hoor nie.

Van Deventer kyk wyd en ver oor die omgewing wat hom baie laat dink aan 'n maanlandskap waarin daar geen beweging of geluid is nie. Stelselmatig betrag hy alles—die groot sandgelyktes, die duine wat in die purper afstand wegstrek. Hier en daar sien hy 'n klompie wild wei maar verder gewaar hy niks. Selfs nie 'n aasvoël verstoor die skynbaar ewige stilte nie.

Dit is toe konstabel Van Deventer met sy verkyker noordweswaarts kyk onder die helder gloed van die ondergaande son in, dat hy dit sien. En toe hy dit sien, dryf dit 'n koue prikkel deur sy binneste. Hy druk die verkyker werktuiglik stywer voor sy oë vas, verstel 'n slag daaraan en toe weet hy dat wat hy sien, nie net sinsbegogeling is of 'n misleidende verskynsel van die slapende woestyn nie.

Kobus van Deventer is so verbaas en hy word so hard getref deur wat hy sien dat hy die verkyker 'n oomblik voor sy oë wegruk net asof hy daardeur beter sal kan sien. Maar onmiddellik verflou die beeld voor hom sodat hy die verkyker maar weer voor sy oë plaas.

Wat hy sien, is klaarblyklik en onmiskenbaar 'n fyn streep rook wat blou deur die laaste sonlig deur die stil lug opkronkel.

Rook? Rook in hierdie deel van die Namib? Dit is 'n fout. Dit mag nie wees nie. Hier mag nie rook kronkel nie want hierdie is verbode diamantgebied en geen siel mag hom hier in waag, behalwe die polisie of 'n staatsamptenaar met spesiale verlof of 'n beampte van die Mynmaatskappy wat 'n konsessie het om diamante hier te ontgin nie.



Dalk is dit 'n staatsamptenaar dink Kobus 'n oomblik. Dalk is dit 'n beampte van die mynmaatskappy. Maar selfs toe hy nog daaraan dink, kry hy die definitiewe indruk dat dit nie die geval is nie. Hy kry daardie indruk so sterk asof iemand dit hardop vir hom gesê het.

Hy voel 'n prikkeling teen sy nek langs en hy verbeel hom dat sy korterige, krullerige bruin hare orent wil staan. Hy voel-voel aan die holster van sy rewolwer en toe trek hy weer die verkyker voor sy oë.

Vreemd, hy sien duidelik die kronkelende blou rook maar verder gewaar hy niks. Die rook kartel omhoog op 'n besonderse plek. Hier, 'n ent regs van die konstabel, loop 'n kleinerige sandspruit af na die see en soos dit die geval is met die spruite wat tussen die duine uitkom, groei daar 'n plaat hoë biesies waar die spruit die see nader. Die spruit loop deur 'n noute tussen twee duine en kronkel dan blykbaar verder na die see. En die rook wat Kobus van Deventer sien, styg op net op die plek waar die spruit deur die noute gaan.

Toe Kobus van Deventer opstaan daar op die duin om te gaan vasstel wat gaande is, sak die son net agter die horison weg. Vir laas slinger dit sy lig oor die wêreld toe word dit 'n ronde, vurige bal en sink stadig in die onbekende weg.

Kobus kyk om na sy jeep. So asof hy verwag dat iemand daar te sien sal wees. Maar net die sonskerm van die voertuig flits in die laaste brokkie sonlig.

Vir 'n oomblik weifel die konstabel. Hy voel lus om met die jeep na daardie plek te ry, maar toe bedink hy hom. Hy meen dat dit beter sal wees om te voet te gaan

want as hier iemand is wat nie hier hoort nie, sal die persoon hom dalk uit die voete maak sodra hy die jeep hoor dreun.

Daarom begin Kobus van Deventer vinnig aanstryk oor die sandgelykte voor die duin en haas hy hom na die eienaardige verskynsel. Hy voel die slag van sy hart, hy voel die prikkeling teen sy nek en daar kom 'n klammigheid in sy handpalm. So in die stap trek hy sy rewolwer uit, laai dit en druk dit terug in die skede.

Kobus van Deventer is 'n lang, indrukwekkende konstabel, 'n aantreklike man met dofbruin oë en 'n sterk mond. In die polisiegimnasium was hy 'n uitblinker op die gebied van liggaamsoefeninge. Dit het sy lang, slanke liggaam goed te pas gekom en hy het twee breë skouers en smal heupe ontwikkel. Hy is 'n verraderlike man in dié opsig dat daar in sy liggaam veel meer krag skuil as wat met die eerste oogopslag duidelik word. Sy bene is lank en sterk en daarom stryk hy met groot gemak en met buitengewone snelheid oor die sand heen.

Op links sien hy 'n paar gemsbokke wei. Hulle kry sy reuk en laat spaander oor die rooi sand weg.

Kobus van Deventer is skaars van hulle bewus want hy hou sy aandag gekonsentreer op die plek waar die rook nog steeds omhoog kartel. Daar is nou minder rook as toe hy dit die eerste maal gemerk het, maar rook is daar nog wel.

Hoe verder hy stap, hoe meer raak hy versonke in sy gedagtes oor die moontlikhede van wat hier aan die plaasvind is. Sou daardie rook gemaak word deur iemand wat hier hoort? En terwyl dié vraag in sy binneste vorm aanneem, ontstaan daar ook 'n ander vraag by die jeugdige konstabel. Wie sê dit is nie dalk die kamp van 'n klompie Boesmans nie? Dié vabonde dring partykeer die Namib



binne wanneer die wild hier is en dan gaan hulle woes tekere met hul gifpyle.

Boesmans? Hy hou nie van die idee nie. Hy het die verhaal gehoor van 'n konstabel van die Suid-Afrikaanse Polisie bo in die noorde van Suidwes wat eens die slagoffer geword het van 'n Boesman se gifpyl. Hy voel nie baie lus om dieselfde weg op te gaan nie.

Hierdie bedenkinge bring hom egter geensins van stryk nie. Eerder vuur dit hom aan om so spoedig moontlik vas te stel wat aan die gang is daar op die plek waar die sandloop tussen die twee duine verby gaan na die see.

Die konstabel swenk na regs, sak af in die sandloop en gaan daarin na die plek. Nie lank nie of hy gaan die eerste biesies binne. 'n Eienaardige verskynsel hierdie, dink hy. As 'n mens hierdie loop so kyk, sou jy nooit sê dat hier ooit water vloei nie maar tog moet dit die geval wees. En omdat die water skynbaar tussen die twee duine gestuit word, stoot dit hier uit met die gevolg dat die biesies hier groei en dat hier tussen die biesies selfs 'n bietjie woestyngras te sien is.

Kobus van Deventer weet self nie mooi waarom hy nou juis met die loop langs gaan nie. Biesies is hier nou wel, maar hulle bied aan hom geen beskutting of beskerming nie, want hulle vat hom skaars tot by die knieë. Tog voel hy hier veiliger as op die kaal haaisand. As hier 'n fout kom, kan hy darem minstens tussen die biesies plat val. Hy voel-voel aan sy bandelier, net om seker te maak dat hy nog ammunisie by hom het.

Hoe nader hy aan die plek kom, hoe skerper kom hy onder die indruk dat dit moontlik beter sou gewees het as hy met die jeep gekom het. Hy kry skerp die indruk dat hy nou 'n oordeelsfout begaan het. Dit kan wees dat hy

moontlik vinnig moet retireer en dan sou dit beter gewees het as hy die voertuig gehad het.

En namate hy die plek nader, styg 'n vreemde opgewondenheid en 'n duidelike gevoel van onheil in die jong konstabel. Hy is nog maar jonk in die diens, maar hy het reeds daardie intuïsie aangeleer wat jy by die ervare regsdienaar van Suid-Afrika aantref. Daardie intuïsie wat jou sonder rede of sonder uitleg waarsku dat iets verkeerd is.

Wat vir Kobus van Deventer die meeste ontstem, is die feit dat dit so stil is. As daar 'n rokie is, dan moet daar tog 'n vuur wees. 'n Vuur is daar voor hom, maar daar is klaarblyklik niks by daardie vuur nie. Hy het nog niemand daar sien beweeg nie, en hy vind dit eienaardig.

Die biesies klap-klap teen sy lang bene. Sy hand het, sonder dat hy eintlik daarvan bewus is, op die kolf van sy rewolwer gaan rus. Hy kyk omsigtig die omgewing deur. Hy kyk na links met die redelik hoë duin langs. Dan weer na regs met die ander duin langs. Hy bespied die maanhare van die twee duine. Hy loer agter hom, kyk oor die sandgelykte heen, tuur terug na die duin waar hy 'n rukkie gelede met die verkyker gesit het.

Maar die hele omgewing is leeg. Selfs die paar Gemsbokke wat vir hom geskrik het, het hulle skoon uit die voete gemaak sodat daar nou nie 'n lewende wese is wat roer nie.

Tog is die omgewing nie meer volkome stil nie. Veraf hoor Kobus die rustelose nimmereindigende fluistering van die see.

Hier waar hy nou beweeg, is die biesies hoër, digter en die plaat is veel breër.

Kobus van Deventer het al iets gehoor van die Boesmans van Suidwes. Hy het al geleer dat hulle kalante is



wat hulle onsigbaar kan maak agter 'n pol Boesmangras as dit nodig is. Daarom vertrou hy meteens die vrede nie meer hier tussen die biesies nie. Hy swaai links weg en stap die digte plaat uit tot op die oop sand. En nou is hy die ene konsentrasie. Hy is wawyd wakker. Dit is immers een van die dinge wat hy geleer is toe hy voorberei is vir hierdie moeilike en gevaarlike loopbaan. As jy gevaar tegemoet loop of as jy 'n onbekende situasie tegemoet stap, dan moet jy nie aan die slaap wees nie, dit weet Kobus van Deventer.

Hy wei nou spesiale aandag aan die biesieplaat. Kyk stip of hy nie enige beweging gewaar nie; net die roersel van die toppe van die biesies of miskien 'n sluipende klein bruin gedaante, of dalk 'n swart bossiekop wat bokant die biesies te voorskyn kom.

Maar niks, totaal niks gewaar die jong konstabel nie.

Die skemering word dieper, daar kom skaduwees agter die duine. Nie gewone skaduwees nie, maar donker kolle en donker strepe soos die nag vorder. Die biesieplaat, so eenvoudig in die daglig, word dreigend en geheimnisvol. Dit klink asof daar 'n waarskuwing is in die lied van die see.

Hoe verder hy stap, hoe vinniger stap die konstabel. Hy voel lus om te draf, maar hy bedwing homself want as hy te vinnig beweeg, kan hy nie goed genoeg rondkyk nie.

Die rook het nou byna verdwyn. Dit is net 'n dun walm wat skaars sigbaar is in die dalende lig.

Toe Kobus van Deventer eindelik sonder voorval, sonder dat hy iets gewaar het, sonder dat hy iets gehoor het, by die bron van die rook uitkom, staan hy verbaas daar met nuwe ontsteltenis en agterdog in sy hart.

Daar voor hom is 'n eenvoudige en raaiselagtige toneel.

Daar is 'n vuur gemaak tussen twee groterige klippe. Die vuur is eenkant toe gekrap en die stukkies hout wat die vuurmaker wie weet waarvandaan gehaal het, lê en rook daar eenkant. Op die kole wat reeds swart en half koud geword het, lê 'n groterige vis oopgevlek. Dit is eenvoudig genoeg dink Kobus. Iemand was hier 'n vis aan braai. Maar wie? Die vis is skynbaar gaar. Maar wie dit ook al op die kole gelê het, het sy maaltyd net so laat vaar en padgegee.

Kobus loop 'n paar tree en toe sien hy iets wat hom opnuut interesseer. Hierdie vis is deur een persoon en een persoon alleen hier op die kole gelê.

Want daar in die toenemende skemering sien Kobus die spoor. Net een enkele spoor.

Toe hy dit sien, weet hy onmiddellik dat hy hier nie met Boesmans te doen het nie. Dit gee hom verligting en tog ook nie.

Want die spoor wat hy daar in die sand sien lê, is 'n groot—besonder groot—kaalvoetspoor.

Hy draai om en kyk nog een maal na die stukkie rokende stomp, na die geurige vis op die kole, na die beperkte verstoring van die sand hier rond en toe volg hy die kaalvoetspoor wat reguit in die rigting van die noute tussen die twee duine loop.

Nog iets word vir hom duidelik. Wie dit ook al is wat daardie kaalvoetspoor hier getrap het, het dit vinnig getrap. Die een wat hier geloop het, het nie geloop nie. Hy het gehardloop. Dit moet 'n groot man wees met lang bene en swaar van gestalte. Dit is vir die jong konstabel duidelik uit die lang treë en die diep indrukke wat daardie voete op die sand gemaak het.

Hy volg die spore en hy volg dit vinnig. Dit gaan deur die noute oor 'n stuk oop sand reguit na die see. Die



kant van die see is spierwit fraiings, uitnemend skoon in die sagte purper van die skemer.

Maar konstabel Kobus van Deventer het nie tyd om die skoonheid van die oseaan te bewonder of hom te verwonder aan die eensaamheid daarvan nie.

Want hierdie kaalvoetspoor lei hom reguit, pylreguit na die woelende see . . .

## Hoofstuk 2

## LIG IN DIE DUISTER

DAAR langs die see wat kabbelend en stotend oor die sand kom, vang die donker vir konstabel Kobus van Deventer. Die donker het eienaardig vinnig toegeslaan. 'n Paar oomblikke gelede was dit nog diep skemer, maar nou is dit donker. Nie pikdonker nie maar tog so donker dat Van Deventer moet buk om te sien waar die spoor nou finaal heen lei.

Hy kom verbaas orent. Die groot kaalvoetspoor gaan die see in. Hy vernou sy oë, konsentreer en kyk oor die see uit om te sien of hy die een of ander vaartuig gewaar. Maar daar is nie 'n beduidenis van 'n vaartuig nie. Ergerlik kyk die konstabel om hom heen. Hier oor die klam sand, net voordat 'n mens die kabbelende kantwaters van die oseaan bereik, is die voetspoor so helder en duidelik, so vars dat die konstabel hom verbeel dat die persoon wat die spore getrap het, nie verder as twintig tree van hom af kan wees nie. Tog sien hy g'n enkele teken van enigiemand nie.

Heeltemal verslae en opnuut geprikkel deur hierdie

eienaardige verskynsel, staan Kobus van Deventer 'n rukkie daar rond, toe begin hy stadig aanstryk oor die sand terug op sy eie spoor. Dit sal hom niks baat om langer hier te vertoef nie. Die man het die see binnegegaan, en wat nou van hom geword het, dit weet die gode alleen.

Kobus kan nie help om te loop en bespiegel terwyl hy terugstap nie. Hy het tot een gevolgtrekking gekom: wie dit ook al is wat besig was om die vis te braai, wie dit ook al is wat sy groot voetspore hier op die sand afgedruk het, het seker vir hom wat Kobus van Deventer is, vroegtydig gewaar, en toe het hy vinnig padgegee. Heel moontlik die dreuning van die jeep gehoor en hom toe uit die voete gemaak. Maar waarom? Waarom sal enige persoon hom so haastig uit die voete maak wanneer hy 'n jeep hoor dreun?

Kobus weet dat daar vir hom net een ding te doen is. Hy moet terug na sy jeep en hy moet wag. Dit sal nodeloos wees om nou hier in die donker 'n soektog op tou te sit na 'n vreemdeling wat so vinnig spore gemaak het. Daarom stap hy pylreguit terug na die noute tussen die twee duine, vertoef weer effens by die plek waar die dowwe rookgeur nog lê, kyk daar rond maar gewaar niks en stap toe terug na die jeep.

Oor die see het 'n wind opgekom; 'n sagte, singende wind wat die omgewing nog spookagtiger maak en wat die stilte verder verdiep. Hier waar hy stap, voel Kobus van Deventer 'n eienaardige kilheid aan sy rugraat. Telkens kry hy die indruk dat grypende hande na hom uitgestrek word om hom van agter beet te pak. Hy skud dit van hom af, want hierdie konstabel het nie 'n bang haar op sy kop nie. Tog ontstel hierdie hele situasie hom. Dit verbaas hom dat hy nie op sy gemak voel nie. Dit verbaas



hom dat hy af en toe oor sy skouer terugkyk in die rigting van die see.

Na 'n ruk se stap vat hy die duin waarvandaan hy vanmiddag die eerste maal die rook gewaar het. Dit is 'n steil duin en hy moet beur om bo uit te kom. Hy het so sekuur gestap dat hy op die plek uitkom waar hy met die verkyker gelê en kyk het. Hy gaan daar staan en kyk terug. Die landskap is deur die nag verswelg en niks is sigbaar nie. Nou dat die wind effens stoot, kan 'n mens vaagweg die ruising van die see gewaar, maar verder niks. Jy kan niks sien nie, want die donker het nou finaal en heftig toegeslaan.

Kobus weet goed genoeg in watter rigting die jeep staan. Hy sak die duin stadig af en stryk aan na die voertuig. Hy sal nie vannag hier padgee nie. Hy gaan by die voertuig bly, sy slaapsak uithaal en op die grond slaap nadat hy iets geëet het. Wanneer hy hierdie togte deur die woestyn maak, berei hy hom daarop voor om soms van twee tot drie dae weg te wees. Dit is vir hom glad nie iets buitengewoon om in die woestyn te kampeer nie.

Die konstabel het sy hande in sy broeksakke gedruk en hy stap koponderstebo voor die wind uit. Vanaf die hoë duin loop daar 'n skotige afdraend na 'n hol duik waar hy vanmiddag kom stilhou het. Hy weet so sekuur waar die jeep moet wees dat hy pylreguit daarheen stap.

Toe hy die bodem van die duik bereik, gaan Kobus van Deventer staan. Hy trek sy hande uit sy broeksakke, hy frons in die donker en kyk om hom heen. Hy draai daar op die sand om en sy stewels verstoor die sagte grond. Sou hy nou dan gedorie verkeerd gestap het? 'n Oomblik voel hy ergerlik vir homself. Sou hy dan nou sowaar so ingedagte gewees het dat hy by die jeep verby gestap het?

Want hier op die plek waar Kobus verwag het om die